**Department: Basic Education**

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**GR.10 Finale-eksamens(2020)**

PUNTE: 50 TYD: 1 Uur

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A | Langer Transaksionle Teks | 30 |
| Afdeling B | Kort Transaksionele Teks | 20 |

Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

---

## AFDELING A: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 1

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 100-120 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, bo aan jou skryfstuk neer.

1.1 **INFORMELE BRIEF**

Een van jou maats het vanjaar na 'n nuwe skool toe gegaan en mis ons skool baie. Skryf nou 'n brief aan hom/ haar waarin jy hom/haar die jongste nuus oor ons skool vertel.

1.2 **DIALOOG**

Jy het een aand laat huis toe gegaan en jou ma was baie bekommerd oor jou. Skryf nou die dialoog tussen jy en jou ma oor.

1.3 **RESENSIE**

Jy het 'n rolprent (film) wat jy baie geniet het onlangs in die bioskoop gesien. Jou Afrikaans onderwyser het jou gevra om 'n resensie daaroor te skryf. Skryf nou hierdie resensie.

1.4 **TOESPRAAK**

Dit was onlangs jou maat se sestiende verjaarsdag, en jy is gevra om namens hom/haar 'n toespraak by sy/haar partytjie af te lewer. Skryf nou hierdie toespraak neer.

**TOTAAL AFDELING A :30**

## AFDELING B: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

Kies **EEN** vraag en skryf 50 – 60 woorde oor die onderwerp.

### 2.1 E-pos

Jy het jou selfoon verloor en jou ma was kwaad vir jou. Skryf 'n e-pos aan 'n maat waarin jy hom/haar vertel wanneer en waar jy die selfoon verloor het en wat jou ma se reaksie was toe jy haar van die insident vertel het.

### 2.2 DAGBOEKINSKRYWING

Vandag was dit nie so 'n gelukkige dag tuis en by die skool nie. Maak 'n dagboekinskrywing waarin jy skryf wat gebeur het om jou so ongelukkig te maak.

### 2.3 UITNODIGING

Jou pa gaan binnekort jou sestiende VERJAARSDAG vier en jou ouers het besluit om 'n partytjie te hou. Ontwerp 'n UITNODIGING wat jy aan jou vriende en familie gaan stuur.

**TOTAAL AFDELING B :20**

**GROOTTOTAAL: 50**